

28 Oktober - STRAF

Skrifgedeelte: Jesaja 53
Fokusgedeelte: Jesaja 53:11

Uit Juda kom die Leeu kragtens die profetiese seën wat Jakob uitgespreek het. Hy sal die Verteenwoordiger van die mens wees wat die slang se kop in een groot oorwinning vermorsel.

God vestig ons aandag deur Jesaja daarop dat dit nie 'n eenvoudige verhaal van glans en oorwinning sal wees nie, maar wonde, pyn, lyding en straf. Christus was verag en deur die mense verstoot. Die mensdom wou nie God se mag in Hom raaksien nie – Hy was soos 'n plant wat wortelskiet in droë grond.

Dit is nie 'n ramspoed wat Christus as noodlot getref het nie. Vers 10: *Dit was die wil van die Here om Hom te verbrysel.* Hy was nie 'n magtelose slagoffer nie. Vers 4: *Hy het óns lyding op Hom geneem.* Dit is ons, mensdom, wat dink dat dit maar sy verdiende straf is (vs 4). Intussen was dit ons oortredings, ons sondes wat die oorsaak daarvan was (vs 5). Voordat Hy die slang se kop kon vermorsel, moes Hy eers in ons plek in die hakskeen gebyt word. Hy moes ons straf dra.

Hy het dit nie verdien nie. Hy is as vervloekte gekruisig en begrawe, ... *al het hy geen misdaad gepleeg nie* (vs 9). Omdat Hy nie eers sy eie straf hoef te gedra het nie (Hy was onskuldig), word sy straf ons afgehandelde straf. Daarom jubel Paulus (Rom 8:33, 34): *Wie kan die uitverkorenes van God aankla? God self spreek hulle vry. Wie kan ons veroordeel? Christus Jesus het gesterf, maar meer as dit: Hy is uit die dood opgewek, Hy sit aan die regterhand van God, Hy pleit vir ons.* Daar het waarlik vir ons genesing gekom.

Hy sal weer die lig sien na sy bitter lyding, sê vers 11, 'n nageslag hê (vs 10). Ons is sy nageslag. In Hom sien ons die lig. Ons Here is nou die Koning van die konings, die Almagtige wat alles regeer (vs 12).

Moenie bang wees vir dié wat die liggaam kan doodmaak nie. As jy glo dat jy in Hom die mag van die Here sien, as jy nie verbaas is dat hierdie Lier die Christus van God is nie, sal jy ondervind hoedat jy 'n lofsang in lyding kan sing, doelgerig en hoopvol kan lewe. Hy het gegaan om vir ons plek te berei. Hy het woonplek by God vir ons berei (Joh 14:23). Die Heilige Gees leer en herinner ons elke dag hieraan.

Sing: Psalm 32:1 (1936-beryming) en 32:2 (2001-omdigting) Ds J Malan (Burgersdorp)